
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2026

# GESKIEDENIS V2
# ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 10 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 1: HOE HET DIE UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF) GEREAGEER OP DIE APARTHEIDSHERVORMINGS WAT IN 1983 DEUR PW BOTHA INGESTEL IS?

### BRON 1A

Die bron hieronder is ŉ uittreksel geskryf deur A Sparks en MA Tutu wat die redes verduidelik waarom PW Botha, president van die Republiek van Suid-Afrika, in 1983 hervormings ingestel het.

… vroeg in 1983 het Botha probeer om die toenemende druk op die land te verminder deur stuksgewys ŉ paar hervormings aan die apartheidsbeleid aan te bring sonder om wit minderheidsbeheer af te staan. Hy het, soos hy dit genoem het, 'verouderde' en 'onnodige' apartheidswette, soos die verbod op gemengde huwelike en seks oor die kleurgrens, afgeskaf om ŉ nuwe beeld van hervorming (verandering) aan die wêreld voor te hou.

Dit het amper geslaag. Die Westerse moondhede, altyd gretig om die Suid-Afrikaanse omstandighede optimisties (positief) te lees, is vir ŉ rukkie om die bos gelei om te glo dat Botha werklik besig was om apartheid af te skaf. Maar, by nadere ondersoek, toe Botha die grondwetlike veranderinge bekend stel wat hy beoog het om te maak, het dit duidelik geword dat wat hy in gedagte gehad het, nie hervorming was nie, maar eerder ŉ herformulering (herstrukturering) van apartheid. Hy het sy plan uiteengesit om ŉ driekamerparlement te stig, waarin die gemengde ras 'Kleurling'- en Indiër-minderhede afsonderlike kamers sou hê om wette oor hul 'eie sake' te maak, terwyl die bestaande, veel groter, slegs-wit-Volksraad beide 'wit aangeleenthede' en die nasie se 'algemene sake' sou hanteer.

Die groot swart meerderheid sou intussen niks kry nie behalwe die reg om in hulle afgeleë stam-Bantoestans (tuislande) te stem, en die munisipale rade sou hulle aparte swart townships in sogenaamde 'wit' Suid-Afrika bestuur. Maar selfs hierdie stadsrade was nie onafhanklik (vry) nie. Die wetgewing het die wit minister in staat gestel om lede te verwyder, ander aan te stel, of om die hele raad af te dank en ŉ nuwe een aan te stel. Dit het beteken dat swart stadsrade regeringsbeleid moes implementeer eerder as om aan hulle kiesers se wense gehoor te gee.

[Uit *Tutu – The Authorised Portrait* deur A Sparks en MA Tutu]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**BRON 1B**

Die bron hieronder is deel van ŉ toespraak wat op 20 Augustus 1983 deur Eerw. Frank Chikane by die bekendstelling van die United Democratic Front (UDF) in Rocklands, Mitchells Plein, Kaapstad gelewer is. Dit verduidelik die belangrikheid van die vorming van ŉ verenigde front teen die 1983-apartheidshervormings.

Kamerade, vriende, hierdie dag, vandag, is die hoogtepunt (voltooiing) van sewe maande se werk om die bekendstelling van die United Democratic Front te aanskou. Ons gaan verseker in die geskiedenis aangeteken word as ŉ belangrike gebeurtenis, wat die gety van die stryd ('struggle') versterk, om daardie dag op te staan wanneer die mense sal sê, ons is vry en geregtigheid is hier, wanneer die mense as broers en susters sal saamleef sonder uitbuiting en onderdrukking van die ander. Alhoewel dit ŉ unieke (spesiale) dag is, val dit binne die spektrum (omvang) van die geskiedenis van die stryd in Suid-Afrika.

... Die idee van ŉ front is vir ongeveer die afgelope twintig jaar ŉ nuwe konsep in die stryd van die mense, en daar is aangeneem dat dit vir eenheid-in-aksie staan deur die aanvaarding van die feit dat al die organisasies wat saamkom, verskille het. Daar is ook klasverskille, verskille in ideologie, verskille in bedoeling, maar almal stem saam dat hulle die hervormingsvoorstelle van die Botha-regime verwerp, en gevolglik het hulle ŉ breë front nodig om dit te doen.

Dit noodsaak dus die stigting van hierdie groep, nie noodwendig as ŉ nasionale politieke organisasie nie, maar as ŉ verenigde front met die enigste doel om die Koornhof-wetsontwerpe* teen te staan ...

... En ek wil ŉ beroep op julle doen, al die vredeliewende mense van Suid-Afrika, om hande te vat, om sy aan sy te loop om teen die instelling van hierdie hervormingsvoorstelle te veg sodat ons dan die stelsel kan vernietig, sodat ons ŉ regering deur die mense kan saamstel waar die mense volgens die wil van die mense sal regeer.

[Uit *A History of the United Democratic Front in South Africa 1983–1991* deur J Seekings]

***Koornhof-wetsontwerpe:** Verwys na ŉ gedeelte van die wetgewing wat na Piet Koornhof, die Nasionale Party se Minister van Samewerking en Ontwikkeling in die vroeë 1980's; vernoem is. Dit het gehoop om ŉ swart plaaslike regering daar te stel, instromingsbeheer te verskerp en swartes in landelike en stedelike inwoners (ook vir beheerdoeleindes) te verdeel.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**BRON 1C**

Die bron hieronder verduidelik verskillende vorme van weerstand wat deur die United Democratic Front (UDF) teen apartheidshervormings aan die gang gesit is en die daaropvolgende reaksie deur die staat.

Die UDF se opposisie teen apartheid het deur middel van ŉ aantal aksies sigbaar geword. Kort na die stigting daarvan het dit ŉ suksesvolle boikot-aksie teen die verkiesing van die (Kleurling) Huis van Verteenwoordigers en (Indiër) Huis van Afgevaardigdes onderneem. Die UDF was betrokke by die organisering van ŉ aantal verbruikersboikotte en wegbly-aksies. Dit het in 1983 en 1984 die 'een miljoen handtekeninge'-veldtog georganiseer, waar ondertekenaars gevra is om hul teenkanting teen die sogenaamde Koornhof-wetgewing op swart plaaslike regering sowel as die nuwe grondwet uit te spreek.

Die UDF se grootste impak was egter op voetsoolvlak waar dit plaaslike strukture geskep het wat ŉ belangrike rol in die politieke opvoeding en mobilisering van die massas gespeel het. By hulle tweede nasionale kongres wat in April 1985 gehou is, is daar besluit om massaondersteuning na aktiewe deelname te verander met die tema 'Van Protes na Uitdaging: Van Mobilisasie tot Organisasie'. Vier maande later is hierdie tema uitgebrei om ŉ nuwe slagspreuk, 'Voorwaarts na Mensemag', in te sluit. Die UDF se strategie was om die besluitnemingstrukture wat deur die regering geskep is, met ŉ stelsel van 'mensemag' te vervang. Dit was gelykstaande aan die stigting van 'bevryde areas' in Suid-Afrika.

Die staat het hierdie bedreiging hanteer en die algemene onluste in die land, wat in 1985 sy hoogtepunt bereik het, onderdruk deur ŉ reeks noodtoestande in te stel. ŉ Groot aantal mense is volgens veiligheidswetgewing in hegtenis geneem. Die UDF, in besonder, is erg geraak. Etlike sleutellede van die organisasie is vermoor, onder andere Matthew Goniwe (UDF-organiseerder in die Oos-Kaap) en Victoria Mxenge (UDF-tesourier in Natal). Bykans die hele leierskorps (groep) van die UDF is in die tydperk 1985 tot 1987 ingeperk.

[Uit https://omalley.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv02424/04lv02730/05lv03188/06lv03222.htm. Toegang op 2 Januarie 2026 verkry.]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**BRON 1D**

Die plakkaat hieronder is in die 1980's deur die United Democratic Front (UDF) gepubliseer. Dit toon sy verbintenis tot verset teen die onderdrukkende maatreëls van die staat.




[Uit *Images of Defiance: South African Resistance Posters of the 1980s*]

**BOTHA SE**

**HERVORMINGS**

**AANHOUDING!!!**
**UDF LEIERS AANGEHOU!!!**
**VERBANNING!!!**
**VERGADERINGS IN 22 GEBIEDE VERBIED!!!**
**ONDERDRUKKING!!!**
**MENSE IN TOWNSHIPS DOODGESKIET**
**TEISTERING!!!**
**ONS SAL NIE STILGEMAAK WORD NIE**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 2: WAAROM HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) AMNESTIE AAN EUGENE DE KOCK TOEGESTAAN?

### BRON 2A

Die uittreksel hieronder, uit SAHO (South African History Online), ondersoek die stigting en funksies van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK).

Die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) was ŉ hofagtige liggaam wat in Suid-Afrika na die einde van Apartheid saamgestel is. Enigiemand wat gevoel het dat hulle ŉ slagoffer van geweld was, kon na vore kom en by die WVK aangehoor word. Daders van geweld (oortreders) kon ook getuienis lewer en amnestie van vervolging versoek. Die verhore het internasionale nuus gehaal en baie sessies is op nasionale televisie uitgesaai. Die WVK was ŉ belangrike komponent van die oorgang na volle en vrye demokrasie in Suid-Afrika en word, ten spyte van sommige gebreke, oor die algemeen as baie suksesvol beskou.

Die mandaat van die kommissie was om getuienisse te lewer, aan te teken en in sommige gevalle amnestie toe te staan aan die oortreders van misdade wat verband hou met menseregteskendings, herstel en rehabilitasie.

Die werk van die WVK is deur drie komitees uitgevoer: Die Menseregteskendingskomitee (MRK) het menseregteskendings ondersoek wat tussen 1960 en 1994 plaasgevind het. Die Herstel- en Rehabilitasiekomitee (R&R) was belas met die herstel van slagoffers se waardigheid en die formulering van voorstelle om met rehabilitasie te help. Die Amnestiekomitee (AM) het aansoeke om amnestie oorweeg wat aangevra is in ooreenstemming met die bepalings van die Wet. In teorie, was die kommissie gemagtig om amnestie toe te staan aan diegene wat van gruweldade tydens Apartheid aangekla is, solank twee voorwaardes nagekom is: Die misdade polities gemotiveerd was en die hele waarheid deur die persoon wat amnestie soek, vertel is. Die kommissie het baie getuies na vore gebring wat getuig het oor die geheime en immorele dade wat deur die apartheidsregering, die bevrydingsmagte, insluitend die ANC, en ander geweldsmagte gepleeg is, wat volgens die mening van talle kommentators, andersins nie aan die lig sou gekom het nie. Op 28 Oktober 1998 het die Kommissie sy verslag aangebied waarin beide kante vir die pleeg van gruweldade veroordeel is.

[Uit www.sahistory.org.za /article/reconciliation-commission. Toegang op 26 Desember 2025 verkry.]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## BRON 2B

Die bron hieronder is ŉ artikel deur die Britse Uitsaaikorporasie. Dit fokus op die professionele loopbaan van Eugene de Kock.

Eugene de Kock het, soos baie jong Afrikanermans, eers die weermag probeer, maar hy is gediskwalifiseer weens ŉ hakkel (spraakgebrek). Hy het ŉ polisieman geword, hoewel sy poging om by die vooraanstaande (elite) Spesiale Taakmag-eenheid aan te sluit, weens swak sig afgekeur is.

In 1983 het die Suid-Afrikaanse Polisie de Kock na C10 oorgeplaas, ŉ teen-opstand-eenheid wat sowat 10 km (ses myl) van die hoofstad, Pretoria, op ŉ afgeleë plaas bekend as Vlakplaas, gebaseer was. De Kock het deur die geledere gestyg en die bevelvoerder van Vlakplaas geword onder ŉ nuwe kodenaam van C1. Hierdie eenheid het die nommer een moordbende vir die moord op hoofsaaklik swart anti-apartheidsaktiviste geword. Hy is in hegtenis geneem na Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing in 1994 toe Nelson Mandela president geword het.

Hy het voor die Waarheids-en-Versoeningskommissie verskyn, wat deur die demokratiese regering opgerig is en onder voorsitterskap van Aartsbiskop Desmond Tutu gestaan het. By die Waarheids-en-Versoeningskommissie het de Kock besonderhede oor misdade teen die mensdom erken.

Sy onthullings het Suid-Afrikaners geskok en die lengte en brutale tegnieke onthul wat die apartheidsregime bereid was om te gebruik om aan bewind te bly. Hy is amnestie toegestaan vir baie van die misdade wat gepleeg is ter verdediging van ŉ rasse-segregasiestelsel. Maar hy is tot 212 jaar plus twee lewenslange vonnisse veroordeel vir die moorde en misdade wat hy gepleeg het, wat die kommissie gevoel het verder gegaan het as die roeping van pligte. Terwyl hy sy vonnis in Pretoria se C-Max-gevangenis uitgedien het, het de Kock ŉ radio-onderhoud gevoer waarin hy die laaste apartheidsleier, FW de Klerk, beskryf het as ŉ man wie se hande 'deurdrenk is met bloed'. Mnr. De Klerk, wie die Nobelvredesprys met mnr. Mandela vir die beëindiging van apartheid gedeel het, het hierdie bewerings ontken.

[Uit https://www.bbc.com/news/world-africa-31056914. Toegang op 26 Desember 2025 verkry.]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**BRON 2C**

Die spotprent is uit die *Suid-Afrikaanse Geskiedenisargief* geneem en beeld Eugene de Kock uit wat die waarheid oor gruweldade by die Waarheids-en-Versoeningskommissie onthul het om sy misdade te bely en om vir amnestie aansoek te doen.




[Uit www.Zapiro.com Toegang op 26 Desember 2025 verkry.]

**APARTHEID: AMPTELIKE WEERGAWE**

**KABINET**

**VEILIGHEIDSPOLISIE**

**MILITÊRE INTELLIGENSIE**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**BRON 2D**

Die bron hieronder is ŉ uittreksel uit ŉ artikel geskryf deur Antjie Krog, gepubliseer op 13 Maart 2015 in *The New York Times*, getiteld 'Kan ŉ bose man verander?' Dit beskryf hoe Eugene de Kock met die WVK saamgewerk het rakende die gruweldade wat deur die apartheidsapparaat gepleeg is.

Ná Suid-Afrika se oorgang na demokrasie in 1994 het mnr. de Kock die volle omvang van sy misdade onthul as deel van sy getuienis voor die Waarheids- en Versoeningskommissie as beide ŉ amnestie-aansoeker en ŉ deskundige getuie. Hierdie kommissie is ingestel as ŉ voorbeeld van herstellende geregtigheid – die toekenning van amnestie aan gewelddadiges nadat hulle in die openbaar skuld bely het.

As verslaggewer wat die dikwels hartverskeurende verhore in die 1990's gedek het, het ek gekyk hoe mnr. de Kock met kalmte feite regstel, leuens blootlê en meerderes (met meer gesag as hyself) by name noem wat toe self vinnig om amnestie moes aansoek doen. Hy het feitlik die poligraafmasjien (leuenverklikker) van die kommissie geword. Sonder hom sou die "waarheid"-deel van die WVK baie ontbreek het.

Met sy intieme kennis van apartheid-era se veiligheidsagentskappe het hy slagoffers begin help om die oorskot van geliefdes te vind. Hy het antwoorde verskaf en na plekke gewys waar lyke gevind kon word. Mnr. de Kock het openlik sy spyt direk aan slagoffers bely en erken dat niks hom kon verlos nie. Dit het skerp gekontrasteer (verskil) met baie van sy bevelvoerders, wat openlik geweier het om amnestie aan te vra, of die politici wat ontken het dat hy hul bevele uitgevoer het.

Om spyt te toon was nie ŉ vereiste vir amnestie nie, so die meeste oortreders het eenvoudig hul getuienis afgelê en skotvry in anonieme lewens verdwyn. Gedurende die tyd van die WVK het ŉ weermag-generaal en 19 lede van die top militêre gesag in die hof verskyn op aanklagte van moord en die skep van moord-eskaders om die land te destabiliseer, maar na ŉ sewe maande lange verhoor is al 20 vrygespreek, so mnr. de Kock, as "Opperbose" ('Prime Evil'), het een van slegs drie wit mans ná 1994 geword wat tronkstraf ontvang het vir gruweldade wat tydens apartheid gepleeg is.

[Uit https://khulumani.net. reconciliation/new-york-times. Toegang op 26 Desember 2025 verkry.]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse was uit die volgende geneem:

https:// khulumani.net. reconciliation/new-york-times

https://omalley.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/03lv02424/04lv027
30/05lv 03188/06lv03222.htm

https://www.bbc.com/news/world-africa-31056914

*Images of Defiance: South African Resistance Posters of the 1980s*

Sparks, A and Tutu, MA. 2011. *Tutu – The Authorised Portrait* (Macmillan, Johannesburg)

Seekings, J. 2000. *A History of the United Democratic Front in South Africa 1983 1991* (David Phillip Publishers, Cape Town)

www.Zapiro.com

www.sahistory.org.za /article/reconciliation-commission

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

Kopiereg voorbehou